

Sondag 8 Augustus

Skrifgedeelte: Job 11	Fokusgedeelte: Job 11:7-9
-----------------------	---------------------------

Ons kan God vertrou, al begryp ons Hom nie ten volle nie

God sê van Job dat hy vroom en opreg is en die kwaad vermy, tog laat hy vreeslike lyding op sy lewenspad toe. Dit verstom selfs sy vriende wat met onbetroubare verduidelikings en tereg wysings kom. Inderdaad nie vriende om op staat te maak nie. Maar die einde van die sage met Job wys dat God vertrou kan word, selfs waar Satan mens sou kon aankla.

Sofar is in sy aanslag teen Job uiters onsensitief en aanvallend. Mens hoor die woede teenoor Job by hom. Hy tas in sy aanslag baie rond, maar oor een saak is Sofar inderdaad reg: God is eintlik onbegryplik. Dat die mens se verstand te klein is om Hom te verstaan. Daarom sal daar gebeure wees wat 'n mens eenvoudig verstom sal laat staan. Gebeure wat net nie met die klein menslike verstand uitgeredeneer kan word nie. Gebeure wat 'n mens maar net by die punt laat kom van: *Here, ek verstaan nie, maar ek weet dat U in regverdigheid handel en daarom bly ek voor u buig.*

Die grootste onverstaanbare gebeurtenis wat God gebied het, is inderdaad ook die grootste bewys van sy onverklaarbare liefde vir sondaarmense. Die offer van Jesus aan 'n vervloekte kruishout. Dit is juis hierdie gebeurtenis wat maak dat ons te midde van alles, al verstaan ons niks, op God kan bly vertrou. Hy het sy beloftes nog altyd nagekom, en in Christus is dit nou vasgemaak vir elke seun en dogter van God. Jou lewe met sy op en af tot vandag toe, is die bewys daartoe. Alles is in God se hand geplaas deur gebed, so aanvaar ek. En God het bewys jy kan Hom vertrou. Dit geld ook vir môre, want God is onveranderlik.

Sing: Skrifberyming 14-2

Dr. P Fanoy (Piet) (Emeritus)